DIE FW DE KLERK STIGTING

SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE

Ondersteuning van die Grondwetlike Skikking

F W DE KLERK BEKLEMTOON DIE GEVAAR VAN POGINGS OM DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET TE VERANDER

“DAAR is tans ‘n hele aantale bedreigings vir die voortgesette implementering van ons Grondwet en ons moet bewus wees van pogings wat bestaan om sekere aspekte van die Grondwet te verander.”

Dit was die woorde van die voormalige staatspresident, mnr. FW de Klerk, gister tydens die bekendstelling in Johannesburg van die FW de Klerk Stigting se nuwe Sentrum vir Grondwetlike Regte.

Mnr. De Klerk het gesê dat Suid-Afrikaners moet besef dat tesame met veranderende omstandighede en verskuiwende magsbasisse, daar pogings sal wees om sekere aspekte van die Grondwet aan te pas.

“Alle sodanige pogings moet egter met die grootste omsigtigheid benader word. Die 1996 Grondwet verteenwoordig ‘n nasionale akkoord wat die basis van nasionale eenheid vorm. Enige poging om van sleutelregte en demokratiese praktyke ontslae te raak, sal baie ernstige gevolge vir sowel nasionale eenheid as vir internasionale vertroue inhou,” het hy gesê.

Een van die bekommernisse wat die afgelope tyd onder die vergrootglas gekom het, is die debat oor die vryheid van spraak.

“Volgens die mening van die meeste joernaliste en kommentators, sal die voorgestelde wysigingswetsontwerp op Films en Publikasies die vryheid van spraak ernstig ondermyn. Die probleem is nie die Wet se oënskynlike doel om op kinderpornografie toe te slaan nie – maar die feit dat die skrywers daarvan ook ‘n verbod teen haatspraak daarby gevoeg het. Terselfdertyd het het hulle probeer om die Grondwet te omseil deur die kritiese kwalifiseerder dat “haatspraak” die “aanhitsing om skade te berokken” is, verwyder. Dit beteken dat feitlik enige omstrede uitspraak wat na ras, geslag, etnisiteit of geloof verwys, aan sensorskap onderwerp kan word,” het hy gesê.

In dieselfde trant sou die konsep Regdsdienste Kode, wat ‘n paar maande gelede vrygestel is, summier die balie afskaf. Dit sou ernstige gevolge vir die onafhanklikheid van ons regsprosesse inhou.

Mnr. De Klerk het gesê Suid-Afrikaners moet nie die stemme ignoreer wat aan die einde van verlede jaar daarvoor gevra het dat die regsbank homself moet sien as “deel van die massas, verantwoordbaar aan hom, en geïnspireer deur sy hoop, drome en waardestelsels” nie.

“As dit ooit die geval moet wees, watter hoop op geregtigheid sal daar ooit kan wees – vir al ons gemeenskappe – wat nie deel van hierdie massas is nie? Alhoewel ons howe ingevolge Artkel 165 van die Grondwet breedweg verteenwoordigend van al ons mense moet wees, moet hul enigste verwysingsraamwerk die Grondwet en die wet wees – nie die een of ander seksionele belang nie,” het hy gesê.

Mnr De Klerk het ook sy kommer uitgespreek oor die regering se mislukking om aan hofbevele uitvoering te gee, veral in die Oos-Kaap. Hy het gesê die betrokke staatsamptenare doen dit onder die valse indruk dat hulle nie weens minagting van die hof aangekla kan word nie.

“Ek sou aan die hand doen dat die toekoms van ons nasionale akkoord - en veral van ons nuwe samelewing - tot ‘n groot mate bepaal sal word deur hoe ons howe uiteindelik betekenis en inhoud sal verleen aan die konsep van gebalanseerde transformasie,” het hy gesê. Aan die een kant is dit noodsaaklik dat ons samelewing so vinnig moontlik vorentoe beweeg om gelykheid te bevorder - wat die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede insluit. Aan die ander kant bevat die Grondwet ook die volle spektrum van regte wat noodsaaklik is vir die instandhouding van ‘n welvarende multikulturele demokrasie. Dit maak voorsiening vir die beskerming van die redelike kernbelange van al ons gemeenskappe en alle elemente van die samelewing. Dit is om hierdie rede dat ons by die FW de Klerk Stigting besluit het om die Sentrum vir Grondwetlike Regte tot stand te bring. Dit het geen politieke affiliasie nie en sal die volle spektrum van regte, waardes en beginsels van die Grondwet bevorder. Dit ondersteun bepalings in die Grondwet wat die gelykheid van mense, wat voorheen deur onregverdige diskriminasie benadeel is, bevorder. Dit aanvaar die behoefte aan gebalanseerde regstellende aksie en grondhervorming. Dit sal egter poog om te help verseker dat sulke beleidsrigtings op ‘n gebalanseerde manier geïmplementeer word, in ooreenstemming met die Grondwet in sy geheel,” het hy afgesluit..

<u>Die FW de Klerk Stigting se Sentrum vir Grondwetlike Regte</u>
Die Sentrum sal die waardes, regte en beginsels van die Grondwet bevorder; ontwikkelings wat ‘n invloed op die Grondwet mag hê moniteer; mense en organisasies inlig oor hul grondwetlike regte; en mense en organisasies bystaan om hul regte op te eis.

Die Sentrum het geen party-politieke affiliasie nie en sal die volle spektrum van regte, waardes en beginsels van die Grondwet bevorder. Dit ondersteun die voorsienings wat gelykheid van mense wat voorheen deur onregverdige diskriminasie benadeel was, bevorder; dit bevorder en aanvaar die noodsaaklikheid van gebalanseerde regstellende aksie en die hervedeling van grond. Dit sal egter probeer verseker dat sulke beleide op ‘n gebalanseerde manier toegepas word, wat in ooreenstemming is met die bevordering van alle grondwetlike regte.

Die Sentrum sal deelneem aan die nasionale debat deur publikasies, artikels en sy webtuiste. Dit sal wetsopinies produseer en versprei en sal met die regering, parlement en belangegroepe in wisselwerking tree. Dit sal ook ontwikkelings wat die Grondwet mag beïnvloed, moniteer en sal alle Suid-Afrikaners inlig oor hul grondwetlike regte en hulle bystaan om hul regte op te eis.

Die direkteur van die Sentrum is adv. Paul Hoffman, SC, een van Kaapstad se mees ervare senior advokate en ‘n voormalige waarnemende regter. Hy sal bygestaan word deur die adjunk-direkteur adv. Nikki de Havilland en ‘n kernpersoneelkorps. Die Sentrum funksioneer as ‘n eenheid van die FW de Klerk Stigting en rapporteer aan die Stigting se Raad deur die uitvoerende direkteur. Dit sal bygestaan word deur ‘n adviesraad bestaande uit:

Adv. Francis Bosman, SC, kundige op die gebied van die kinder-, vroue- en familiereg; Dr. Anthea Jeffery, spesiale navorsingskonsultant van die SAIRV; Adv. Johan Kruger, SC, voormalige waarnemende regter en lid van die Pretoriase Balie; Dr. Penuell Maduna, prokureur en voormalige nasionale Minister van Justisie; Mnr. Johann Marais, prokureur van Stellenbosch; Dr. Matthews Phosa, prokureur en voormalige premier van Mpumalanga; Prof. Hennie Strydom, professor in Regte, Universiteit van Johannesburg; Prof. Francois Venter, Dekaan van die Regsfakulteit, Noordwes Universiteit; Prof. David Welsh, voormalige professor in Politieke Wetenskap, Universiteit van Kaapstad; en Prof. Marinus Wiechers, voormalige rektor van UNISA en raadgewer betrokke by die skep van die grondwet van Namibië en Suid-Afrika.

UITGEREIK DEUR DIE FW DE KLERK STIGTING
JOHANNESBURG, 25 OKTOBER 2006
Navrae: Danie Keet 082 453 4350